VERSLAG OOR UNIVERSITEITE EN BEROEPSOPLEIDING

TOEKOMSBERAAD – 10 OKTOBER

Voorsitter: Henk Schalekamp
Medewerkers: Marthinus Visser, Paul van Deventer, Henk Marais, Piet le Roux, Nicolas Roets en Appie Pienaar.

1. Inleiding

Suksesvolle kultuurgemeenskappe benodig 'n volledige hoëronderwyservaring, van beroepsopleiding tot akademiese onderwys. Reeds vanaf die middel-1800's het Afrikaners op verskeie plekke beroepskolleges en universiteite begin oprig. Sedertdien kon Afrikaners hulle toepaslik bekwaam en as volwaardige lede van die internasionale kennisgemeenskap hul plek inneem – en so as kultuurgemeenskap groei.

Met verloop van tyd het dié beroepskolleges en universiteite egter hul gemeenskapskarakter verloor en al meer 'n staatskarakter ontwikkel. Tans word dié inrigtings deur rassekwotas, uitskakeling van Afrikaans, die afskaf van tradisies en 'n akademiese vyandigheid teen die idee van kulturele gemeenskappe bedreig. Vandag staan Afrikaners dus weereens by die punt waar hulle, as kultuurgemeenskap, nie oor behoorlike beroepsopleiding en universiteite beskik nie; hulle word derhalwe as kultuurgemeenskap uitgedaag.

In hierdie verband is daar tydens die Solidariteit Beweging se Krisisberaad in Mei 2015 'n mosie ter tafel gelê waarin voorgestel is dat:

1. druk op voormalig Afrikaanse universiteite om Afrikaans te behou, verskerp word;
2. stappe gedoen word om Afrikaans op universiteitsvlak as deel van 'n opvolgskikking met die regering te beskerm; en dat
3. Akademia as 'n wêreldklas Afrikaanse privaat universiteit uitgebou word.

Hierdie dokument behels 'n voorstel vir die herstel van die volledige hoëronderwyservaring vir Afrikaners as kultuurgemeenskap sodat hulle 'n suksesvolle kultuurgemeenskap kan wees.

Die uitdagings in universiteits- en beroepsopleiding

Hoe het dit gekom dat Afrikaners hul universiteite en beroepskolleges verloor het? Dit is 'n belangrike vraag om die heroprigting van sulke instansies te motiveer sodat dit nie weer met ons gebeur nie.

Sedert die ANC in 1994 aan bewind gekom het, het radikale onderwysstelselhervormings die onafhanklikheid van die ou Afrikaanse kampusse grootliks ondermyn. Die gedwonge rassetransformasie van personeel, toelatings en koshuise het die moontlikheid van 'n kulturele karakter (wat 'n taalkarakter insluit), by sulke instansies sterk teëgewerk. Studenteskuiwe oor die afgelope twintig jaar is 'n goeie aanduiding van hierdie proses, waarin Afrikaanse studente 'n minderheid geword het op die kampusse wat hul voorouers met die oog op hul nageslag opgerig het.



Bostaande grafiek toon hoe Afrikaanse studente die afgelope twintig jaar by

die ou RAU, Kovsies en die UP afgeneem het, en na die NWU en US oorgeskuif het. Dit toon ook hoe die eertyds Afrikaanse universiteite skerp getallegroei met nie-Afrikaanse studente behaal het, sodat Afrikaanse studente later ŉ minderheid op hul ou kampusse geword het. Teen die huidige koerse sal sowat 11 000 Afrikaanssprekendes per jaar ŉ eerste universiteitskwalifikasie in die volgende dekade behaal. Dié Afrikaanse studente, asook duisende beroepsopleidingstudente, gaan in die toekoms waarskynlik al hoe minder tuis voel by hul tradisionele studiebestemmings.

Die verhaal oor hoe Afrikaanse universiteite van karakter verander het, is onvolledig as slegs 1994 die uitgangspunt is. Daar was ook ŉ ander, meer grondliggende, transformasie. Soos vele universiteite internasionaal het Afrikaanse universiteite in veral die twintigste eeu van gemeenskapsinstellings in staatsinstellings verander. Algaande het universiteite hulself as instansies in diens van staatsideale begin ervaar, eerder as kultureel-akademiese ideale. Dit is nie heeltemal onbegryplik nie: in Suid-Afrika was Afrikaners immers in beheer van die staat.

Die onvermydelike gevolg van dié verstaatliking van hoër onderwys was dat universiteite spoedig aan hul verbondenheid met die staat, eerder as met ŉ kultuurgemeenskap, gemeet was. Die staat, eerder as ŉ kultuurgemeenskap, het normatief vir die universiteit geword. As gevolg van hierdie denkfout het die ou Afrikaanse universiteite en beroepsopleidinginstansies, toe die karakter van die staat in 1994 verander, hulle outomaties aan die hand van die nuwe karakter van die einste staat geskik. Universiteite se finansiële afhanklikheid van ruim staatsubsidies het verdere ondergeskiktheid aan die staat tot gevolg gehad. Die afskaling van Afrikaans en Afrikaanse studente was dus onvermydelik – want om dit te duld sou, gemeet aan die staat, eksklusief wees.

Wat nou gemaak? ŉ Herontdekking van die kultuurgemeenskaplike aard van hoër onderwys is nodig, ten opsigte van sekere soorte beroepsopleiding, maar veral ten opsigte van universiteite. Op so ŉ grondslag kan ŉ suksesvolle kultuurgemeenskap gebou word.

2. Die Solidariteit Beweging se Universiteits- en Beroepsopleidingsplan

2.1. Openbare instellings

Die doelwitte van die Solidariteit Beweging se strategie ten opsigte van bestaande openbare opleidingsinstellings is:

- om toegang tot universiteitsonderrig vir Afrikaanse studente te verseker, veral waar hulle weens rasseteikens daarvan weerhou word om te registreer vir kwalifikasies waarby keuring betrokke is;
- om die toekoms van Afrikaans as akademiese onderrigtaal te beskerm;
- om ’n positiewe en aktiewe Afrikaanse studentelewe en -kultuur te bevorder;
- om te verseker dat die Handves van Menseregte se maatstawwe van menswaardigheid, gelykheid en vryheid ook op Afrikaanse studente, personeel en Afrikaans as akademiese taal van toepassing is; en
- om staatsinmenging in die bestuur van openbare universiteite en ander opleidingsinstellings tot die minimum te beperk en sodoende die institusionele vryheid van hierdie instellings te bewaar.

Die Solidariteit Beweging beplan om sy doelwitte te bereik deur ’n verskeidenheid van aksies, waarvan die volgende die belangrikste is:

- Die ondersteuning van pro-Afrikaanse kandidate wat verkiesbaar is tot lede van die onderskeie universiteite en ander instellings se rade en alumnibesture.
- Openbare drukuitoefening op die universiteite om Afrikaans as onderrigtaal te handhaaf en te ondersteun. Die werklikheid is dat Afrikaans reeds aan die meeste van die histories-Afrikaanse universiteite sy staanplek as dominante onderrigtaal aan Engels afgestaan het. Nietemin kan volgehoue openbare druk die proses verlangsaam en die behoud van Afrikaans in sekere kernkursusse verseker. Die Solidariteit Beweging is van mening dat die behoud van die Afrikaanse karakter op die Potchefstroomse kampus van die Noordwes Universiteit billik is en bydra tot die reg van die Afrikaanse gemeenskap om toegang tot moedertaalonderrig te verkry. Die Solidariteit Beweging sal aksies ondersteun om dit te verseker.
- Om selfstandigheid onder jong Afrikaners te bevorder en die realiteit in Suid-Afrika te beïnvloed deur veldtogte te voer en aktief vir jongmense se burgerregte standpunt in te neem. Dit word gedoen deur die mobilisering van studente op die onderskeie kampusse, deur aktief deel te neem aan studenteraadsverkiesings en deur openbare veldtogte. AfriForum Jeug se veldtog om jongmense vry te stel van regstellende aksie, druk op die Elsenburg Landboukollege om Afrikaans as onderrigtaal te bly handhaaf, regsaksie teen die rektor van Kovsies weens sy hantering van twee wit studente asook ander aksies om Afrikaans as onderrigtaal te verdedig, is voorbeelde hiervan.

2.2. Akademia

Een van die belangrikste voorwaardes vir die Afrikaanse gemeenskap om vry, veilig en voorspoedig in die land te kan bly, is ’n eie privaat universiteit. ’n Sterk private hoëronderwys-aanbod is die enigste volhoubare oplossing waaroor ’n groot mate van beheer bestaan vir die krisis wat Afrikaans in hierdie sektor beleef. Weens die langtermyn aard van so ’n projek kon daar nie gewag word totdat daar geen openbare aanbod is nie; ons moes waag om ’n alternatief betyds op die been te bring.

So het Akademia sy deure in 2012 geopen, ná ongeveer drie jaar van deeglike beplanning en navorsing. Die projek is aanvanklik net deur Solidariteit befonds maar later het ander donateurs ook na vore gekom. Die proaktiewe optrede om Akademia vier jaar gelede op die been te bring, blyk nou die regte optrede te gewees het. Vir die Afrikaanse gemeenskap is Akademia se sukses van deurslaggewende belang.

Akademia se wese – Akademia bou sy identiteit rondom die drie woorde: Christelik, Afrikaans en oop. Akademia beskou die wetenskap vanuit ’n Christelike grondslag. Afrikaans is die onderrigtaal en die taal van die kulturele konteks wat in Akademia geskep word. Laastens is Akademia oop in die opsig dat hy met sy Christelike en Afrikaanse karakter ook toeganklik wil wees om deel te neem aan opbouende en kritiese debatte met ander sienings van die wetenskap.

Akademia het goed begin en reeds die volgende bereik:

Programaanbod – Daar is binne drie jaar daarin geslaag om 7 kwalifikasies suksesvol te akkrediteer by die Raad op Hoër Onderwys (RHO). Hiervan was 3 hoër sertifikate, 2 diplomas en 1 graad. Hierdie kwalifikasies word deur ’n effektiewe onderrigleermodel aan die mark gebied.

Onderrigleermodel – Ons het daarin geslaag om ’n onderrigleermodel te ontwikkel wat baie goed presteer en studente optimaal ondersteun om hulle te help om suksesvol te wees. Akademiese uitslae, onafhanklike verslae sowel as onafhanklike tevredenheidstudies bevestig die gehalte van die onderrigleermodel. ’n Komponent van die onderrigleermodel is dat studente verplig word om interaktiewe kontaksessies by te woon in ’n netwerk van gedesentraliseerde onderrigleersentrums. Ons het tans sewe sentrums oor die land.

Studente – Studentegetalle is nie net ŉ faktor van die aantreklikheid van die handelsmerk nie, maar veral ook van die aantal programme wat die instelling aan die mark bied. Dit in ag genome het Akademia reeds in sy vierde bestaansjaar 270 studente gehad. Die begrote getal studente vir 2016 is 500 en ons beplan om teen 2020 net minder as 2 000 studente te hê.

Beplanning 2015/16 is aan die gang en Akademia is tans aan die werk om drie nuwe grade vir 2016 te akkrediteer naamlik BCom Regte en Ekonomie, BCom Finansiële Beplanning en B Verpleegkunde. Daar word tans gewag op die uitslag van die akkreditasieaansoek ten opsigte van ŉ Gevorderde Diploma in Projekbestuur.

Benewens die groeiende aanbod van studierigtings het Akademia ook sy eerste eie perseel bekom. Akademia sal in 2016 daarheen verhuis en van daar sy volgende fase van ontwikkeling en groei bedryf.

Wat die 5-jaar-beplanning betref, is Akademia goed geposisioneer om in die volgende vyf jaar belangrike strategiese doelwitte te kan behaal. Teen 2020 moet Akademia gevestig wees as ŉ toonaangewende, suksesvolle gemeenskapsuniversiteit wat:

- ŉ Fakulteit vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe met ongeveer 1 500 ingeskrewe studente bedryf;
- ŉ graadprogram in Verpleegkunde in ŉ toonaangewende afstandsmodel van onderrig aanbied, met ongeveer 266 studente wat deur agt vennoot-hospitale bedien word;
- ŉ program in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gedurende werksure aanbied vir skoolverlaters wat voltyds wil studeer, met ongeveer 300 studente;
- ŉ omvattende, geïntegreerde werksplek-ervaringprogram bedryf vir skoolverlaters wat ervaring wil opdoen terwyl hulle studeer;
- ŉ op-kampus-aanbod in die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe-programme bedryf met 90 studente as voorloper tot ŉ groter op-kampus-aanbod vir die toekoms; en
- alles gereed het om nuwe kwalifikasies in nuwe studievelde vanaf 2021 aan te bied.

Sou Akademia hierdie doelwitte bereik, behoort alles in plek te wees om die eerste treë te gee om deur innovasie en tegnologie op ŉ diverse manier programme aan te bied en af te lewer en om vir studente keuses te bied met betrekking tot ŉ model

en programme wat hulle leef- en werkstyl pas. Afrikaanse studente sal weer ’n plek hê waar hulle tuis- en welkom voel en terselfdertyd puik onderrig ontvang in kwalifikasies wat tot gesogte beroeps- en loopbaanrigtings sal lei.

2.3. Sol-Tech

Dit is algemeen bekend dat opleiding, en meer spesifiek ambagsopleiding, in Suid-Afrika op sy kop gekeer is. Behalwe dat ambagsopleiding totaal verengels het, is daar so bemagtig, getransformeer en reggestel dat die vaardigheidstekort in die land reeds ’n krisispunt bereik het. Vir ’n wit Afrikaanssprekende jongmens is dit bykans onmoontlik om op die konvensionele manier by ’n maatskappy aangestel te word, en daarna (teen betaling) ambagsopleiding te ontvang.

’n Klein begin – Solidariteit het sowat agt jaar gelede ’n Afrikaanse tegniese opleidingskollege van onder af begin. Sol-Tech is vandag nie net die enigste Afrikaanse ambagskollege in die land nie, maar een van die grootstes. Sol-Tech het merkwaardige groei getoon en het reeds ’n goed gevestigde reputasie vir die gehalteopleiding wat die kollege bied met studente wat, ná hul opleiding, oor vaardighede beskik wat in aanvraag is regoor die land en met groot sukses in diens geneem word.

Sol-Tech se wese – Sol-Tech is ’n privaat tegniese opleidingsinstelling wat op Christelike waardes gefundeer is en Afrikaans as onderrigmedium gebruik. Sol-Tech bied tans formele opleiding in die volgende ambagte aan: Elektrisiën, Meulmaker, Dieselwerktuigkundige, Passer-en-draaier, Sweiser, Passer en Gereedskap- en Setmaatmaker. Die kollege beoog om in die toekoms kursusse in ander skaars vaardighede ook aan te bied. Die hoofkampus is tans in Kirkney, Pretoria-Wes, geleë.

Opleidingsmodel – Sol-Tech volg ’n unieke model van institusionele opleiding wat ondergaan word voordat die student by werkgewers geplaas word. Dit maak die studente outomaties meer aanstelbaar omdat hulle volledig opgelei is in die skaars vaardighede wat in aanvraag is in die betrokke bedryf. Sol-Tech se hoëgehalte-opleiding stel die student dus in staat om, ten spyte van die genoemde uitdagings buite sy/haar beheer, suksesvolle ambagsopleiding te ontvang wat ’n goeie toekoms verseker. Behalwe vir die institusionele opleiding wat studente by Sol-Tech ontvang, werf die instansie ook gewillige, goedgekeurde werkgewers waar die

studente vir hul praktiese fase uitgeplaas word en eerstehandse werkservaring opdoen.

Impak en uitsette – Sol-Tech slaag in die doel om jongmense te help om ’n toekoms in Suid-Afrika te verseker. Van ’n klein en beskeie begin het Sol-Tech nou reeds sowat 1 100 studente in enige stadium in die opleidingspyplyn. Met ’n personeeltal van 44 kry ons studente gehalteonderrig; dit word weerspieël in die slaagsyfer van 96% van vakleerlinge wat hulle finale nasionale vaktoets skryf. Heelwat studente het reeds verder gaan studeer en sommige is al selfs as ingenieurs gekwalifiseer. Deur die gehalteopleiding wat Sol-Tech bied, help die kollege ook om die groeiende vaardigheidskrisis in die land hok te slaan.

Sol-Tech se opleiding het reeds ’n groot ekonomiese impak gemaak met betrekking tot die welvaart van individue in die Afrikaanse gemeenskap. Die omvang van hierdie impak kan uitgedruk word in terme van die inkomste wat reeds verdien is deur ons 473 afgestudeerde studente. Sou ’n mens die berekening doen, was die totale inkomste wat verdien is sedert Sol-Tech se ontstaan, teen ’n gemiddelde inkomste van R22 000 per maand, ongeveer R231,8 miljoen. Teen 2020 sal die totale inkomste van die studente wat dan reeds sedert 2006 by Sol-Tech afgestudeer het na verwagting by die R2 miljard beloop. Dit maak die gemeenskap R2 miljard sterker. Uitgedruk in jaarlikse verdienste is dit ongeveer R552 miljoen. Hierdie groot finansiële inspuiting in die gemeenskap is te danke aan ’n aanvanklike belegging van R30 miljoen wat gebruik is om toerusting aan te skaf.

Sol-Tech 2020 – Die vraag na Sol-Tech-opleiding is egter baie groot en dus is dit noodsaaklik om op hierdie suksesmodel voort te bou. Sol-Tech is reeds besig om ’n groter kampus te beplan met die oog daarop om binne die volgende vyf jaar vir meer jongmense te help om ’n toekoms in Suid-Afrika te verseker. Sol-Tech-fasiliteite kan tans sowat 400 studente per jaar akkommodeer. Die oogmerk teen 2020 is die uitbreiding na meer opleidingsrigtings en om sowat 700 studente jaarliks te kan oplei. Tesame met die ontwikkeling van ’n eie kampus sowel as die studentetal is die uiteindelike strategiese doelwit om Sol-Tech te vestig as die voorkeur-ambagsopleidingskollege in Suid-Afrika, vir beide potensiële studente sowel as werkgewers.

2.4. Aros – ’n goeie vriend van die Solidariteit Beweging

Die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) is ’n geregistreerde privaat hoëronderwys-instelling wat fokus op die opleiding van onderwysers en wat in ’n top onderwysinstelling in die land op voorgraadse, nagraadse en navorsingsgebied wil ontwikkel. Aros strewe daarna dat studente wat afstudeer bekend sal staan as gehalte-, praktykgerigte onderwysers, met ‘n passie vir opvoeding. Onderwysers wat in diens staan van God met die oog op die verandering en verbetering van die samelewing, en in hierdie lig spesifiek in diens staan van die Afrikanergemeenskap.

Om hierdie roeping getrou te vervul, is dosente en studente geroepe om die rykdom en die diepte van God se geskape orde en die strukture binne sy skepping op ’n wetenskaplik verantwoorde wyse te ontgin om hiermee gevolg te gee aan ’n lewe en roeping wat sal meewerk aan die koms van God se Koninkryk op aarde.

Aros het in 2004 as ’n satellietkampus van die NWU-Potchefstroom kampus begin. In 2012 het Aros sy eie B.Ed (Grondslagfase) geakkrediteer en in 2015 staan Aros reeds bekend as ’n prominente instelling in die privaat hoëronderwys- en opleidingswêreld, met byna 800 studente en 50 werknemers.

Aros hoop om oor vyf jaar 2 000 Afrikaanse onderwysers as Aros-alumni in openbare en privaat skole te hê. Die doel van Aros se opleiding is om onderwysers op te lewer wat opgelei is binne ’n uitmuntende praktykgerigte model, daarom is Aros se studente al vanaf hulle eerste jaar nóú betrokke by die skole. Verder lewer Aros nie net onderwysers op wat goed onderrig is in die verskeie vakrigtings nie, maar Aros lei onderwysers op om roepingsgedrewe tot die onderwysberoep toe te tree met ’n duidelike visie oor geloof, taal en gemeenskap.

Aros se vyfjaarplan kan ingedeel word in vier dele: die huidige graad en kwalifikasie, die toekomstige grade, E-leer en diens aan die Afrikaanse gemeenskap.

Huidige programaanbod

Aros beplan om in die volgende vyf jaar sy huidige B.Ed (Grondslagfase) en die Diploma in Ontvangsjaar se Afrikaanse leermateriaal uit bou en poog om Afrikaanse handboeke vir elke module te skryf. Dit is ook ’n fokus van Aros om goeie kommunikasie te handhaaf met die openbare en privaat skole waar Aros-studente geplaas is.

Toekomstige program-aanbod – Aros beplan om in die volgende vyf jaar grade in intermediêre onderwys, senior fase en verdere onderwys en opleiding, ’n honneurs in verskeie opvoedkunderigtings en ’n nagraadse onderwyssertifikaat (NGOS) te akkrediteer. Aros het al ver gevorder met die akkreditering van die B.Ed (Intermediêre Fase), en het reeds begin met die akkreditering van die honneursgraad-programme.

E-leer – Aros beplan om in die volgende vyf jaar sy E-leer-komponent uit te bou deur van die beste kundiges en programmatuur te betrek, te belê in tegnologie wat die model van Aros verryk, gebruik te maak van kurrikulumkundiges om die kwaliteit van die kurrikulum te verbeter en ondersoek ook die moontlikheid om deur middel van witbord tegnologie uit te saai na ander sentrums in die land.

Diens aan die Afrikaanse taalgemeenskap – Aros gaan in die volgende vyf jaar ’n beursfonds uitbou wat beurse bied aan Afrikaanse onderwysstudente, Afrikaanse leermateriaal vir opvoedkunde uitbou, ’n kundige personeelkorps ontwikkel wat op onderwysgebied die Afrikaanse gemeenskap kan bystaan en 2 000 Afrikaanse onderwysers lewer en bystaan in openbare en privaat skole.

3. Samevatting

’n Afrikanergemeenskap wat vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika wil oorleef, moet oor die geleentheid beskik om in Afrikaans saam met ander Afrikaanssprekendes te kan leer. Die konteks van die gemeenskap se daaglikse bestaan is tans nie vriendelik teenoor hierdie vereiste nie, maar dit is in Afrikaners se bloed. Die Afrikaners het al in die verlede geveg om oorlewing en sal weer doen wat gedoen moet word om Afrikaans waar moontlik in die openbare sektor te hou, maar bo alles weer te begin om te bou aan nuwe instellings in die hande van die gemeenskap self.

Vir sommiges lyk die bou van ’n private gemeenskapsuniversiteit en die uitbou van beroepsopleidingsinstellings na ’n onoorkomelike berg, maar in wese is die berg reeds oorwin. Om met nuwe instellings te begin, is in wese ’n voortsetting van wie Afrikaners is, van wat reeds bereik is en waarmee eenvoudig net aangegaan word. Die Solidariteit Beweging verbind hom tot sy plan en instellings en sal nie huiwer om selfs as dit moet alleen voort te gaan met die visie nie. Die golf van

ondersteuning is maar nog aan die opbou en die instellings sal gereed wees wanneer dit in volle swang kom.

Goeie opleiding tesame met die regte karakter en houding is die waarborg vir ŉ goeie werk en bestaan. Solidariteit Beweging-instellings en die gemeenskap dra die DNA van bouers en skeppers en daarom word daar met hoop aan die toekoms gewerk. Die Alma Mater, wat in 1951 deur S J Pretorius geskryf is, vat die kulturele kapitaal en konteks van Afrikaners treffend saam, maar dien ook as bewys van ŉ gemeenskap wat dit al gedoen het:

“Gebore uit die nag van smaad sien ons jou staan as Wonderdaad, bokant die hoëveld oop en wyd: Dis hier waar ons studente leer tradisies van hul volk te eer, om mense uit een stuk te wees gesond na liggaam en na gees. In al ons handel, spel en werk hoor ons jou roepstem magtig sterk van liefde en geloof en hoop. Skoon gaan die toekoms voor ons oop, trou deur die nag die koers gerig, want ‘in U lig sien ons die Lig.’ ” – S J Pretorius (1951)